## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom


## ACIM Gespreksgroep

ACIM het afgesluit vir die kwartaal
Ons begin weer Donderdag 25 Oktober 2012
Kontak Terblanche vir meer info

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

______________________________________________

**E-Mail**______________________________ **Sel**____________________

**Woonadres**

______________________________________________

## ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
Biccard Straat (Kolping Centre is aan jou regterkant)
Durbanville

| **Bankrekening vir bydraes**<br>**FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | **BAIE DANKIE**<br>Ons vra vir 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |
|---|---|



# Neo-Spektrum
## 21 Oktober 2012
## 'N LEWE IN VERHOUDINGE
## Kinders van God is Kinders van Mekaar

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Heaven Knows — Filippa Giordano ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

U vra vir my hande, of U dit kan gebruik vir U doel
... ek gee dit maar trek dit weer terug want die werk was te swaar.
U vra vir my mond, om my uit te spreek teen die onreg
... ek fluister vir U my antwoord dat ek net nie beskuldig wil word nie
U vra vir my oë, om die pyn van armoede raak te sien
... ek sluit my oë want ek wil dit nie sien nie
U vra vir my lewe, dat U deur my wil werk ...
... ek gee vir U net 'n stukkie sodat ek nie te betrokke sal raak nie

Here, vergewe ons, ons berekende pogings om U te dien:
Alleen soos dit ons pas —
alleen op plekke waar dit veilig is
alleen met hulle wie dit maklik is

My Here en my God
Vernuwe ons, stuur ons as bruikbare instrumente
laat ons die betekenis van elke verhouding ernstig opneem

## STILTE VAN BUITE

Intermezzo (Cavalleria Rusticana) — Mascagni

# STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

Do not challenge God – challenge the way you think about God

### VERHOUDING MET MYSELF, MY EWEMENS EN MET GOD

**(ACIM: T-15.VIII.6:6)** "For God created the only relationship that has meaning, and that is His relationship with you"

**(Matteus 12:47-50)** Iemand sê toe vir Hom: *"U moeder en u broers staan daar buite en wil met U praat."* Maar Hy sê vir die man wat dit vir Hom gesê het: *"Wie is my moeder, en wie is my broers?"* Toe wys Hy met sy hand na sy dissipels en sê: *"Daar is my moeder en my broers! Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is, dié is my broer en my suster en my moeder."*

**(Johannes 13:16-17)** Dít verseker Ek julle: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie, en 'n boodskapper ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie. Julle weet dit nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen."

Is jy opsoek na God of 'n definisie van God ...?
Wil jy God kan verduidelik of wil jy God ervaar ...?

### VERHOUDING VRA VOEDING, OEFENING, TOEWYDING

*'n Kind wat aanhoudend hoor dat hy verkeerd is, leer om te veroordeel. 'n Kind wat grootword in 'n atmosfeer van spanning, leer om teen die hele wêreld te baklei. 'n Kind wat in vrees grootword, onttrek hom/haar van als en almal. 'n Kind wat afgekraak word, kry 'n minderwaardigheidskompleks. 'n Kind wat met aanmoediging grootgemaak word, leer selfvertroue.*
*'n Kind wat met waardering en aanmoediging grootword, leer dankbaarheid. 'n Kind wat met aanvaarding grootword, leer hoe om lief te hê. 'n Kind wat met erkenning grootword, leer doelwitte.*
*'n Kind wat regverdig en met konsekwentheid grootgemaak word, leer om nie te (ver)oordeel nie. 'n Kind wat met eerlikheid grootgemaak word, leer wat die waarheid is. 'n Kind wat met vriendelikheid grootgemaak word, leer dat die wêreld is 'n vriendelike en wonderlike plek om in te woon.*

**ONKUNDE (UNKNOWN) LEI TOT VREES.**
**VERSTAAN (KNOWING) LEI TOT LIEFHÊ**

**Nuwe intensie: 'n refleksie van ons verhouding met God**
**Nuwe denke: 'n weerkaatsing van ons eenheid met mekaar**
**Nuwe ervaring: 'n spieël van ons verhouding met onsself**

## FOR WHAT YOU GIVE, YOU BECOME !!

~ (Quello Che Faró) Sara Per Te — Katherine Jenkins ~

## HERINNERING EN SEËNBEDE

My Here en my God —
U is die Koninkryk van die hemele, die hemel wat in ons is.
U is die grond onder ons voete, die land waarin ons woon.
U is die skadu's langs die pad van ons lewensreis,
die beddings van ons tuin waarin engele dans.
U is die kamer van ons huweliksnag, die bed van ons rus.
U is die tafel waar daar altyd plek is vir nog een.
U is die brood van die lewe, die wonderlike nuwe wyn,
die houer met koue water, die water van die Lewe ...
U is die lamp wat nooit gedoof word nie, die Lig vir die wêreld,
die nuwe kleed, die troon en die een wat die krone uitdeel.
U is ons vreugde en ons kalmte, ons verlustiging en ons heerlikheid.
U is ons vrolikheid en ons lag, my Here en my God.
U liefde skyn op almal, laat ons lig ook skyn op elkeen,
'n ligstraal van U gloeiende son — water uit U lewende fontein.

## AS ONS UITSTAP

~ Concrete Angel — Christina Novelli ~

*Let me breathe you in, and breathe the words in your mouth,*
*Inside your shivering, the silence shouts so loud.*
*I just want to, I just want to stay around,*
*And while my heart beats I promise I won't let you down.*

**If you keep building these walls, brick by brick towers so tall**
**Soon I won't see you at all till the concrete angel falls**
**I knew who you were from the start but now I don't know who you are**
**Soon there will be nothing at all till the concrete angel falls**

*If I'm somewhere else it doesn't mean that I don't see,*
*That you don't trust yourself, that's why you don't trust me,*
*It makes me crazy, when you're crazy, you don't speak,*
*You think you know me, but what you know is just skin deep*

It's twisting your mind, I'm not getting through, 'cos I don't see it like you do,
There's nothing to find you've got no excuse, I'm over getting over you,
over getting over you.'cos I don't see it like you do, I'm over getting over you.